

# 'N VERKENNING VAN BESKOUINGS OOR DIE SOGENAAMDE "EGODOKUMENT" AS BRON VIR HISTORIESE NAVORSING

Lizé Kriel

*Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis  
Universiteit van Pretoria  
0002 Pretoria*

A survey of thoughts on the so-called "egodokument" as a source for historical research

The Dutch term *egodokument* was coined approximately forty years ago to identify memoirs, autobiographies, diaries, travel journals, letters and interviews as a separate category of historical sources. It is claimed that the description fulfils a need that also exists in other languages and is not satisfactorily addressed by the English *personal document*, the French *document personnel* or the German *Selbstzeugnis*. *Egodokumenten* can be defined as documents in which the user is confronted by an "I" as writing and explaining subject. This survey assesses the significance of the *egodokument* for the historian, the motivation behind the content of such sources and the problems encountered in their classification and definition. An attempt is made to determine the extent to which their subjective nature might impinge upon their reliability as historical sources. It is concluded that there is no fundamental difference between *egodokumenten* and other historical texts in this respect: all have basically evolved from a narrative "I" — whether the author chooses to hide behind the information given, or reveals his or her identity in the text. Several approaches borrowed from the social sciences and literary theory are employed to extract maximum benefit from these self-centred *egodokumenten*. Finally, a strategy for the publication of *egodokumenten* is suggested and an indication is given of the possibilities for historians in the application of these sources.

Die term *egodokument* is ongeveer veertig jaar gelede in Nederland gemunt om memoires, outobiografieë, dagboeke, reisverhale, briewe en onderhoude as aparte kategorie historiese bronne te beskryf. Daar word aangevoer dat dit aan 'n behoefte voldoen wat ook in ander tale bestaan en waarvoor die Engelse *personal document*, die Franse *document personnel* en die Duitse *Selbstzeugnis* geen volkome ekwivalent bied nie. Egodokumente kan omskryf word as dokumente "waarin de gebruiker zich gesteld ziet teenover een 'ik' ... als schrijvend en beschrijvend subject. In hierdie ondersoek word besin oor die belang van egodokumente vir historici, die motiverings agter die totstandkoming daarvan en die probleme rondom die definiëring en klassifisering van bronne binne die kategorie "egodokument". Daar word gevra na die mate waarin die subjektiewe aard van egodokumente die betroubaarheid daarvan belemmer en tot die gevolgtrekking gekom dat egodokumente nie fundamenteel verskil van ander soorte bronne wat immers

*Historia* 43(1), Mei/May 1998

óók gekonstrueer is deur 'n vertellende, hetsy meer of minder verskuilde, "ek" nie. Van die benaderings wat uit die sosiale wetenskappe en die literatuurstudie geleen word om die hoë graad van "ek"-gerigheid in egodokumente ten beste te benut, word genoem. Ten slotte word besin oor publikasie-strategieë vir egodokumente en die toepassingsmoontlikhede van hierdie tipe bronne vir historici.

## Inleiding

Die Nederlandse historikus Jacques Presser het ongeveer veertig jaar gelede die versamelterm *egodokument* gemunt om na memoires, outobiografieë, dagboeke, reisverhale, briewe en onderhoude as 'n aparte kategorie bronne te verwys.<sup>1</sup> Daar word ook soms na dié dokumente verwys in die konteks van sogenaamde *nie-amptelike geskiedskrywing*.<sup>2</sup> In sy uitgebreide ondersoek na dagboeke en dagboek-verwante bronne het F.J. Stemmet die term *outobiografiese lektuur*<sup>3</sup> gebruik — wat nie verwar moet word met die betekenisonderskeiding van *outobiografie* as een soórt egodokument nie. Die term *egodokument* is mettertyd algemeen deur Nederlandse historici aanvaar. Rudolf Dekker voer aan dat dit voldoen aan 'n behoefte wat ook in ander tale bestaan en waarvoor die Engelse *personal document*, die Franse *document personnel* en die Duitse *Selbstzeugnis* geen volkome ekwivalent bied nie.<sup>4</sup>

Presser definieer *egodokumente* soos volg: dokumente "waarin een ego zich opzettelijk of onopzettelijk onthult — of verbergt", "waarin de gebruiker zich gesteld ziet tegenover een 'ik' ... als schrijvend en beschrijvend subject".<sup>5</sup> In al bogenoemde dokumente praat die outeurs oor hulle eie handelinge en gevoelens of oor sake wat hulle persoonlik besig gehou het.<sup>6</sup>

## Die belang van egodokumente vir historici

Historici se beskouings oor en waardeskatting van egodokumente het gedurende die afgelope twee eeue 'n groot wending ondergaan. Tot en met die negentiende eeu het daar geen twyfel bestaan oor die absolute betroubaarheid van die mededelings van outeurs wat die historiese gebeure kwansuis self beleef het nie. Onder leiding van Ranke het daar mettertyd 'n groter bedagtheid op moontlike vervalsings ingetree. Veral sedert die laaste twee dekades van die negentiende eeu is ook meer fundamentele kritiek teen die betroubaarheid van egodokumente ingebring. Veral Europese historici het sterk onder die indruk gekom van bevindings in die

- 
1. M. van Faassen, "Het dagboek: een bron als alle andere?" *Theoretische Geschiedenis* 18(1), 1991, p. 3.
  2. M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron - met verwysing na die dagboek van H.C. Bredell", *Historia* 34(2), November 1989, p. 109.
  3. F.J. Stemmet, "Gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog" (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1972), p. 28.
  4. R. Dekker, "Egodocumenten: een literatuuroverzicht", *Tijdschrift voor Geschiedenis* 101, 1988, p. 161. Dekker, kenner van egodokumente en literatuur óór egodokumente, was ten tye van dié publikasie van hierdie artikel verbonde aan die Erasmus Universiteit, Rotterdam.
  5. J. Presser, *Uit het werk van ...*, pp. 277-282, soos aangehaal in R. Dekker, "Egodocumenten ...", p. 161.
  6. R. Dekker, "Egodocumenten ...", p. 161.

sielkunde oor die selektiewe werkwysse van die menslike geheue en dat selfs onbewuste verdringing of rasionalisering 'n oënskynlik eerlike weergawe van gebeure kan misvorm.<sup>7</sup>

Tot en met die jare sewentig van die twintigste eeu het die status van egodokumente as historiese bronne steeds gedaal. Dié bronne is toenemend ongeskik bevind vir die doel waarvoor dit tradisioneel aangewend is, naamlik 'n geskiedskrywing waarin gefokus is op prominente individue se impak op politieke verwickelinge. Hierdie tipe geskiedskrywing het boonop spoedig plek gemaak vir 'n sosiaal-ekonomiese beskouing van die verlede. Die doen en late van enkele persone is op die agtergrond geskuif en daarmee saam, die nut van hulle egodokumente. Teen die jare sestig en sewentig het die individu in die geskiedskrywing "uit de mode geraakt."<sup>8</sup>

Eers met die opkoms van die mentaliteitsgeskiedenis<sup>9</sup> sedert die laat jare sewentig en gedurende die jare tagtig was daar weer blyke van 'n herwaardering van die egodokument as bron, maar nie weer op dieselfde goedgelewige wyse as tevore nie. Egodokumente het nou 'n goeie bron geblyk te wees om die vergange alledaagse lewe van gewone mense te belig, om hulle sosiale en mentale wêreld te [re]konstrueer.<sup>10</sup>

As bron van biografiese inligting oor openbare figure, sou die egodokument nie weer sonder voorbehoude oor die betroubaarheid daarvan aangewend word nie. Tog kan die waarde wat dit wel het, nie geringgeskat word nie. Hierdie bronne is toeganklik, het literêre aanklank, bied 'n chronologiese, koherente seleksie van gebeure en herskep vir die leser die atmosfeer van die betrokke periode.<sup>11</sup> Omdat dit die "recollections of an insider"<sup>12</sup> bied, sal die egodokumente van openbare figure bly fassineer. Dagboeke waaruit die leser die motiverings en innerlike vertwyfeling van persone leer ken, kan die historikus beweeg tot 'n meer "simpatieke benadering ... ten opsigte van diegene oor wie hy/sy 'n historiese oordeel moet uitspreek."<sup>13</sup>

Die belangstelling in die egodokumente van openbare figure is nie deur die vlaag opwinding rondom die mentaliteitsgeskiedenis gebly nie. Dit het wel tot navorsers deurgedring dat die belangrikheid van egodokumente veel verder strek as die suiwer politieke en biografiese aanwending. Vir E. van Heyningen is die dagboek teen die einde van die twintigste eeu 'n bron waarvan die onskatbare waarde vir die Suid-Afrikaanse

---

7. R. Dekker, "Egodocumenten ...", pp. 169-171.

8. R. Dekker, "Egodocumenten ...", p. 161.

9. Die mentaliteitshistorikus bestudeer *attitudes*, gedragsposisies, geesteshouinge — daardie opvattinge wat mense as vanselfsprekend aanvaar maar wat in die verlede totaal verskillend mag gewees het as wat dit tans beskou word. Die sentrale opvatting in die mentaliteitsgeskiedenis is dat mense vroeër fundamenteel anders was as nou: anders gedink het oor die dood, liefde, geloof en beskawing. Die greep wat gedragspatrone op mense het, word benadruk. Daar word ondersoek ingestel na hoe moeilik dit vir mense was — en is — om hulle aan 'n bepaalde denkwysse te ontworstel. Nie alle historici is gemaklik met die term *mentaliteitsgeskiedenis* as benaming vir studies wat nadruk lê op die leefwêreld van die mens in vroeër tye nie. Sommige verkies die benaming *sosio-kulturele geskiedenis*. Die wydste term is waarskynlik *historiese antropologie*. Sien P. Vries, *De zegetocht van de 'Annales'*, in H. Beliën & G.J. van Setten, *Geschiedschrijving in de twintigste eeuw. Discussie zonder eind* (Amsterdam, 1991), pp. 204-205.

10. R. Dekker, "Egodocumenten ...", pp. 161 & 171; M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", p. 109.

11. R. Dekker, "Egodocumenten ...", p. 171; J. Tosh, *The pursuit of history. Aims, methods and new directions in the study of modern history* (London, 1991), p. 34.

12. J. Tosh, *The pursuit of history ...*, p. 35.

13. M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", p. 109.

gêskiedskrywing steeds onderbenut is.<sup>14</sup> Sy pleit dat dagboeke op 'n sorgvuldige en verbeeldingryker manier gelees moet word.<sup>15</sup>

### Die skeppers van egodokumente

'n Goeie leidraad in die interpretasie van egodokumente is die redes waarom mense daaglikse hulle belewenisse in dagboeke opteken, of na verloop van tyd moeite doen om hulle herinneringe te boekstaaf of te laat boekstaaf.

Dr. Maria Hugo, ervare kultuurhistorikus, het die verklarings van 'n aantal kundiges byeengebring.<sup>16</sup> Aan die een kant is daar die beskouing dat die byhou van 'n dagboek grens aan beheptheid met die self, dat egoïsme en ydelheid die diepste motivering is vir dié gewoonte wat heelwat selfdisipline van die outeur verg.<sup>17</sup> Daarteenoor word die mening gehuldig dat 'n dagboek in sy suiwerste vorm ontstaan uit die instink om die lewe te bewaar<sup>18</sup> — of uit 'n verlange tot bestendiging.<sup>19</sup> Dan word die dagboek 'n vorm van ontvlugting, 'n toevlugsoord waarin die skrywer die wêreld waarop hy/sy geen invloed het nie, kan beheer.<sup>20</sup> Dit kan geld vir 'n heel konkrete situasie — waarskynlik daarom dat oorlogsdagboeke 'n groot persentasie van alle egodokumente uitmaak.<sup>21</sup> Dit kan ook betrekking hê op die innerlike gevoelswêreld.

Daar is waardering vir die psigologiese en terapeutiese waarde van dagboeke. Die skrywer se verwoording van sy/haar angste, twyfel en emosies, gee dikwels meer insig in die oorsaak daarvan. Die hou van 'n dagboek kan bydra tot beter selfkennis en beter begrip vir die skrywer se verhouding met die gemeenskap binne 'n bepaalde tydges.<sup>22</sup> Vir sommige individue is dagboek hou 'n lewenslange instelling, vir ander droog die skryfhandeling op sodra die fisiese of emosionele krisis afgeweer is, of hy/sy terug is binne die bekende milieu en kultuur — vergelyk die gebruik om 'n reisjoernaal by te hou. Terwyl onderhoude, briewe, outobiografieë en memoires almal aan 'n gehoor (van wisselende grootte) gerig word, is dit slegs in die geval van dagboeke moontlik dat die behoefte om met 'n ander persoon te kommunikeer, as dryfveer vir die skryf daarvan uitgeskakel kán word. Arthur Ponsonby, die doyen van dagboeklesers, onderskei tussen 'n dagboekhouer se "itch to record" en 'n briëfskrywer se "itch [also] to relate".<sup>23</sup>

Van ampsweë word sommige individue verplig tot die hou van 'n dagboek — in daardie geval 'n joernaal genoem, aldus Hugo.<sup>24</sup> Sommige amptenare maak daaglikse

- 
14. E. van Heyningen, "The diary as historical source: a response", *Historia* 38(1), May 1993, pp. 14 & 25. Met die publikasie van hierdie artikel wat as repliek op bogenoemde artikel van Hugo bedoel was, was Van Heyningen aan die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Kaapstad verbonde.
  15. E. van Heyningen, "The diary as historical source ...", p. 14.
  16. M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", pp. 109-110.
  17. A. Ponsonby, *English diaries. A review of English diaries from the sixteenth to the twentieth century with an introduction on diary writing* (London, 1923), pp. 7 & 29.
  18. P.A. Spalding, *Self-harvest. A study of diaries and the diarist* (London, 1949), p. 54.
  19. H. Warren, "Dagboekliteratuur" *Jaarboek van de Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden 1984-1985*, p. 23, soos aangehaal in M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", p. 109.
  20. M. Ros, pp. 28-29, soos bespreek in M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", p. 109.
  21. M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", p. 112.
  22. M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", p. 111.
  23. A. Ponsonby, *English diaries* ..., p. 30.
  24. M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", p. 111.

noukeurige aantekeninge waarna hulle later kan terugkeer om hulle geheue te verfris. Dit kom ook voor dat 'n dagboekhouer skryf met die doel om 'n bepaalde persoon of groep se optrede te regverdig, of om sy of haar eie beeld uit te bou. In laasgenoemde geval gaan die skryfhandeling gewoonlik gepaard met die vooruitsig dat die dagboek of die verwerking (*cum bywerking*) daarvan tot outobiografie of memoires, uiteindelik gepubliseer sal word.<sup>25</sup>

Van Faassen onderskei tussen *eksterne dagboeke* wat handel oor sake wat die skrywer uit die "buitewêreld" besig hou en *interne* of *intieme dagboeke* wat handel oor die skrywer se psigiese wel en weë.<sup>26</sup> Tog bestaan die moontlikheid dat 'n dagboek wat ontstaan uit een of meer van die "eksterne" motiverings soos in die vorige paragraaf genoem, ook heelwat oor die "interne" belewenisse van die skrywer kan onthul.

Daar is regverdiging vir die persepsie dat weinig dagboeke afkomstig is van skrywers uit die onderkant van die sosiale piramide, maar hierdie opvatting hang ook saam met die lang tradisie in die geskiedskrywing om weinig op hierdie mense te fokus. Die persepsie word verder versterk deurdat politieke en openbare figure se egodokumente meer dikwels gepubliseer word en dus bekender is. Dit is dan ook veral hierdie groep hoër op in die sosiale piramide wat egodokumente skep met die bedoeling dat dit gepubliseer sal word. Die Britse historikus John Tosh se vooroordeel teen dié retrospektiewe outobiografieë en memoires spruit direk voort uit die motivering waarom dit geskep word:

... the author's purpose is less to offer an objective account than to justify his or her actions in retrospect and to provide evidence for the defence before the bar of history ...<sup>27</sup>

Vir werkers en persone met 'n laer impak in die openbare lewe sou selfregverdiging 'n onwaarskynliker motief vir die hou van 'n dagboek wees as in die geval van byvoorbeeld 'n politikus. Nogtans kan die motivering vir die opstel van 'n egodokument enige kombinasie uit al bogenoemde redes wees. Arbeidersoutobiografieë en -memoires wat uit 'n sosialistiese en Marxistiese invalshoek aangemoedig is, kan ook mank gaan aan retrospektiewe pretensie en is in die voormalige Oos-Duitsland onbeskaamd *Monumente der sozialistischen Menschwerdung* genoem.<sup>28</sup>

Algemene tendense kan slegs tot op sekere hoogte rigtingduidend wees; die komplekse motiverings en dryfvere van elke individuele dagboekhouer of opsteller van 'n herinneringskrif lê uiteindelik in sy of haar eie teks opgesluit — indien nie in die egodokument self nie, dan in ander tekste wat na daardie spesifieke individu verwys.<sup>29</sup>

- 
25. M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", p. 110.
  26. M. van Faassen, "Het dagboek ...", p. 5. Van Faassen was ten tye van die publikasie van hierdie artikel verbode aan die Instituut voor Nederlandsche Geschiedenis, 's-Gravenhage.
  27. J. Tosh, *The pursuit of history* ..., p. 36.
  28. R. Dekker, "Egodocumenten ...", pp. 186-187. Oos-Duitse verwysing is na U. Münchow, "Das Bild des Arbeiters in der proletarischen Selbstdarstellung. Zur Bedeutung der frühen Arbeiterautobiographie", *Weimarer Beiträge. Zeitschrift für Literaturwissenschaft. Aesthetik und Kulturtheorie* 19, 1973, pp. 110-135, soos bespreek in Dekker se artikel.
  29. Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die term *teks* verstaan as 'n eenheid wat betekenis oordra; hetsy 'n geskrewe teks, 'n vertelling, 'n foto of 'n skets.

## Probleme rondom definisies en klassifikasie

Soos blyk uit die voorafgaande, word die benaming vir egodokumente dikwels afgelei uit die uiteenlopende motiverings agter die totstandkoming daarvan. Kultuurverskille maak die definiering van die verskillende genres binne die kategorie egodokumente en die plasing van eksemplare binne elk van dié gedefinieerde genres, problematies.

Taal onthul subtiele kultuurverskille: die Duitse *Tagebuch* is geen ekwivalent vir die Franse *journal intime* nie. Laasgenoemde begrip is meer beperk en plaas spesifiek die literêre en introspektiewe aspekte op die voorgrond.<sup>30</sup> By die bestudering van Japannese dagboeke uit die tiende tot veertiende eeu moet die (Westerse-georiënteerde) leser in gedagte hou dat Japanners minder gefikseerd was — en is — op die teenstelling tussen werklikheid en fiksie.<sup>31</sup> Afrika-gemeenskappe het vir eeue 'n tradisie van orale kultuuroordrag gehad.<sup>32</sup> Sedert die negentiende eeu het Westerse veldwerkers "orale outobiografieë" begin noteer en so 'n verhaal-genre van skriflose samelewings<sup>33</sup> ingelyf by die korpus bronne waarmee geskiedenis volgens Westerse tradisie geskryf word. Die oorlogsdagboek van Sol Plaatje,<sup>34</sup> die dagboeke van Soweto-kindere wat Oswald Mtshali byeengebring het<sup>35</sup> en Charles van Onselen se meesterlike benutting van onderhoude vir sy biografie oor Kas Maine,<sup>36</sup> bevestig dat egodokumente kultuurverskille transendeer en Suid-Afrikaanse geskiedskrywing in die wydste moontlike konteks bevrug.

Die argument dat die gewaande afwesigheid van egodokumente by nie-Westerse kulture dui op 'n gebrek aan 'n individualiteitsbesef en introspeksie by lede van sulke samelewings,<sup>37</sup> is dus aanvegbaar. Ewe debatteerbaar is Ponsonby se verklaring waarom Europeërs eers gedurende die sestiende en sewentiende eeu begin het om dagboeke te hou:

The idea of writing down daily thoughts and notes on passing events, especially when it takes a more or less introspective form, is of comparatively modern growth, and would seem to be the outcome of the increasing self-consciousness which intellectual development has produced in humanity. It is a result of psychological evolution, of expanding self-knowledge and subtler powers of analysis.<sup>38</sup>

- 
30. R. Dekker, "Egodocumenten ...", p. 162.
  31. R. Dekker, "Egodocumenten ...", p. 183.
  32. Met die uitsondering van die Moslem-gemeenskappe van Noord-Afrika en die Christen-kultuur van Etiopië. Sien J. Vansina, A clash of cultures: African minds in the colonial era, in P. Curtin (ed.) *et al.*, *African history from earliest times to independence* (London, 1995), pp. 469-470.
  33. R. Dekker, "Egodocumenten ...", pp. 181-182.
  34. S.T. Plaatje, *The Boer War diary of ... An African at Mafeking* (ed. J.L. Comaroff) (London, 1973), p. xxv.
  35. M.O. Mtshali (compiler), *Give us a break. Diaries of a group of Soweto children* (Johannesburg, 1988). Volgens die flapteks "Give us a break is a collection of anecdotes, episodes, incidents, events and experiences of a group of Soweto children. The children's writings have not been corrected editorially to retain originality." Oswald Mtshali is opvoedkundige en digter.
  36. C. van Onselen, *The seed is mine. The life of Kas Maine. A South African Sharecropper 1894-1985* (Cape Town, 1996).
  37. G. Misch, *Geschichte der Autobiographie*; G. Misch, *Studien zur Geschichte der Autobiographie* & K.J. Weintraub, *The value of the individual: self and circumstance in autobiography*, bespreek in R. Dekker, "Egodocumenten ...", p. 183.
  38. A. Ponsonby, *English diaries ...*, p. 3.

Dit kom voor asof die aanhangers van hierdie hipoteses dit wat in skrif neerslag gevind het as die al en enigste manifestasie van introspeksie beskou.<sup>39</sup> Net soos die bronne wat oor die verlede bewaar gebly het nie die verlede self verteenwoordig nie, is die introspeksie wat op skrif in dagboeke en memoires tereggekóm het, nie die somtotaal van die menslike vermoë tot selfrefleksie nie.

Dekker bied 'n alternatiewe verklaring vir die verwantskap tussen 'n samelewing se oorgang van orale na skriftelike kultuur en die ontstaan van (geskrewe) outobiografiese tekste. Die Europese oorgangsproses van orale na skriftelike kultuur het teen omstreeks 1200 'n aanvang geneem. Gedurende die Middeleeue het die verkoop van 'n huis, die voltrekking van 'n huwelik en die vonnisoplegging van 'n misdadiger mondeling geskied. Slegs die allerbelangrikste ooreenkomste is skriftelik bevestig, indien die perkament daarvoor bekostig kon word. Eers gedurende die Laat-Middeleeue het meer mense — en nie meer net die geestelikes nie — leer lees en skryf en het papier meer bekostigbaar geword. Juis tóe het mense outobiografiese tekste begin skryf — waarin van die ouere orale tradisies soms nog deurgewerk het.<sup>40</sup> Dit dui dus op kontinuïteit in die lede van 'n samelewing se individualiteitsbesef, ongeag of mondeling of skriftelik daaraan uiting gegee word.

Om verder by te dra tot die problematiek rondom die definiëring van egodokumente volgens genres: Gedurende die afgelope twee eeue het die terme waarmee mense na 'n bepaalde soort teks verwys het, ook nog verander. Anders as in die huidige eeu is memoires gedurende die agtiende eeu geskryf met die bedoeling dat dit eers lank na die dood van die outeur gepubliseer moes word.<sup>41</sup> Wat in die negentiende eeu 'n *eigen levensbescrijving* of *belijdenis* genoem is, word tans as 'n outobiografie beskou.<sup>42</sup>

Onderling is die historici wat tydgenote van mekaar is dit óók nie eens oor wat onder 'n spesifieke genre hoort en wat nie. Uit Presser se eie werk kan die breë onderskeid tussen dagboeke en herinneringskrifte (hetsy outobiografieë of memoires) afgelei word.<sup>43</sup> Tosh tref 'n soortgelyke onderskeid en stel outobiografieë en memoires teenoor vertroulike dokumente soos briewe en dagboeke. Waar herinneringsvervalsing vir Presser die onderskeidende kriterium is, gaan dit vir Tosh oor die uitgangspunt waarmee die dokumente opgestel is: juis sodat die nageslag dit sou lees, of "unmindful of the eyes of future historians".<sup>44</sup>

Wanneer 'n groep egodokumente vir 'n bepaalde ondersoek geselekteer word, lei die aard van dié geskrifte die ondersoeker dikwels in die vasstelling van die kriteria waarvolgens dit geklassifiseer kan word. Stemmet het in sy ondersoek na *Gepubliseerde outobiografiese bronne oor die Tweede Vryheidsoorlog* 'n breedvoerige klassifikasie-sisteem ontwerp. Beide Presser en Tosh se onderskeidingskriteria is daarin ter sprake: Stemmet het in aanmerking geneem of die getuienis onmiddellik genoteer is of op herinnering berus het én of die dokumente vir persoonlike gebruik of met die intensie om gepubliseer te word, opgestel is.

Dit kom dus voor asof Presser en Tosh se benaderings as twee breë norme in die definiëring van die verskillende genres egodokumente gebruik kan word: die wyse waarop die dokumente tot stand gebring is en die rede waarom dit geskep is. Hierdie twee norme omhels ook Ponsonby se kriterium vir die klassifikasie van egodokumente. Sy indeling van

---

39. Die teenswoordige terugkeer na orale en visuele kultuuroordrag in die Westerse wêreld danksy die elektroniese media, weerspreek hierdie beskouing.

40. R. Dekker, "Egodocumenten ...", pp. 184-185.

41. J. Tosh, *The pursuit of history ...*, p. 36.

42. R. Dekker, "Egodocumenten ...", p. 174.

43. M. van Faassen, "Het dagboek ...", p. 4.

44. J. Tosh, *The pursuit of history ...*, pp. 34 & 39.

dagboeke volgens die frekwensie waarmee inskrywings gemaak is, sorteer immers ook onder die wyse waarop die dokumente tot stand gebring is: met daaglikse inskrywings, met intervalle van 'n paar dae, weke of selfs maande, of terugskouend dáárop deur 'n redigerende outeur.<sup>45</sup>

Vir Dekker is verdere haarklowery oor die presiese inhoud wat aan definisies soos *autobiografie* en *dagboek* gegee moet word nie die moeite werd nie, siende dat "alhoewel die autobiografie en het dagboek zich niet of nauwelijks als genre laten tiperen, dit niet afdoet aan hun betekenis".<sup>46</sup> Bogenoemde twee norme is voldoende om dié betekenis, of gebruikswaarde, van egodokumente vir historici vas te stel. Die wyse waarop egodokumente ontstaan en die motivering daaragter het immers 'n groot uitwerking op die betroubaarheid van die eindproduk. 'n Historikus sou die gebruikswaarde van 'n bron pouliks kon oorweeg sonder inagneming van die argumente/aannames oor die relatiewe betroubaarheid daarvan. Die definiëring van egodokumente moet nie die einddoel word nie. Dit kan as 'n hulpmiddel dien om die betroubaarheid daarvan te bepaal.

Die vraag ontstaan of die betroubaarheid van 'n dokument wat in wese so subjektief en "ek"-gerig soos 'n egodokument is, bepaal kán word en of die subjektiwiteit nie die gebruiksmoontlikhede daarvan ontsettend inperk nie. Van Faassen wys daarop dat wat die "ek"-perspektief betref, die onderskeid tussen egodokumente en "ander" historiese dokumente eerder 'n graadverskil as 'n beginselverskil is. Selfs wanneer die ego teruggetrek is agter amptelike of gedepersonaliseerde taalgebruik, kan 'n dokument steeds die persoonlike visie van die outeur oordra. Die kriteria waaraan historici die egtheid en betroubaarheid van historiese getuienis in die algemeen toets, kan dus in dieselfde mate op sogenaamde egodokumente van toepassing gemaak word. Die informasie in egodokumente moet ook net soos dié in enige historiese bron aan weergawes uit ander dokumente getoets word. Wanneer 'n egodokument op hierdie wyse geanaliseer is, kan die einste subjektiewe aard daarvan voordelig aangewend word om aspekte te belig wat minder "ek"-gerigte bronne nouliks alleen sal kan aandui.

### Subjektiwiteit en relatiewe betroubaarheid

Hugo beweer dat "[i]ndien 'n dagboek as historiese bron van enige betekenis wil wees, volkome eerlikheid en objektiwiteit aan die kant van die skrywer 'n absolute vereiste" is. Die skrywer moet 'n fyn waarnemingsvermoë hê, met "suiwer aanvoeling" in ander mense belangstel en nie uitsluitlik selfgesentreerd wees nie. 'n "Goeie dagboek" is een waarin gegewens en indrukke "feitlik onmiddellik spontaan" opgeteken word.<sup>47</sup>

Wanneer Hugo se uitspraak oor subjektiwiteit met dié van Van Faassen vergelyk word, kom dit voor asof hierdie ondersoekers nie die terme *objektief*, *subjektief* en *betroubaar* met dieselfde betekenisonderskeidings gebruik nie. Vir Hugo is subjektiwiteit en betroubaarheid omgekeerd eweredig terwyl betroubaarheid en bruikbaarheid direk eweredig is: hoe geringer die mate van subjektiwiteit in 'n egodokument, hoe groter die betroubaarheid en ook die bruikbaarheid.

Omdat die skrywer "heel dikwels nie oor àl die feite beskik het om 'n objektiewe

---

45. A. Ponsonby, *English diaries ...*, p. 4.

46. R. Dekker, "Egodocumenten ...", p. 174.

47. M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron" p. 110.

beoordeling te kon gee nie", gee Hugo wel toe dat "'n mate van subjektiwiteit" by die dagboekskrywer aanwesig sal wees. Van Faassen weer, fokus juis op die subjektiewe aard van die dagboek as 'n onvermydelike — dié karakteristieke — gegewe by hierdie kategorie bronne:

Het dagboek is naar zijn aard subjektief. Von der Dunk wijst er op dat werkelijkheidsbeleving nooit zuivere registratie is, maar altijd vormgeving en reconstructie. Juist omdat niemand de werkelijkheid ooit kan weerspiegelen, omdat we haar juist in een poging tot registratie altijd intentioneel zullen kleuren door onze geestelijke activiteit (selectie, begrippenkader in de taal), wordt het probleem van de subjectiviteit gereduceerd tot het probleem van controle op de betrouwbaarheid. Hieronder kan worden verstaan: de mate waarin het dagboek inderdaad is, wat het voorgeeft te zijn.<sup>48</sup>

In soverre daar grade van objektiwiteit onderskei kan word en die historikus objektiwiteit as ideaal kan stel,<sup>49</sup> moet Hugo se bovermelde vereistes vir 'n "goeie dagboek" met "betekenis as historiese bron", waarskynlik as die eienskappe van die (irreële) ideale dagboek gesien word. Historiese objektiwiteit word toenemend gesien as die resultaat van navorsers se kritiese en vergelykende prosesering van subjektiewe bronne<sup>50</sup> — nie as die vereiste eienskap vir 'n enkele bron om as bruikbaar te kwalifiseer nie.

Insigte uit ander geesteswetenskappe bied interessante aanwysings hoe die subjektiwiteit van egodokumente histories-krities ontgin kan word. Die gewaarwording dat daar "aan egodokumente altijd een fictief aspect zit" het daartoe gelei dat dagboeke en ander outobiografiese lektuur die onderwerp van bespreking in die literatuurwetenskap geword het lank voordat daar onder historici 'n herwaardering vir hierdie dokumente ingetree het. Historici was tradisioneel juis nie geïnteresseerd in fiksie nie, maar die teorie waarmee fiksie ontleed word, kan ook aangewend word om die "werklike" verlede te ondersoek. Die verhouding tussen die outeur, die teks en sy/haar leser is byvoorbeeld uitvoerig in literêre teorie ontleed. Daardie insigte kan historici help verstaan dat die skrywer van 'n dagboek 'n honderd jaar gelede aannames gemaak het oor sy/haar milieu en lesers, wat in die hedendaagse konteks nie meer vanselfsprekend is nie en dus ondersoek en verklaar moet word.<sup>51</sup>

Die sielkunde en die sosiologie het historici se benadering tot egodokumente gedurende die afgelope eeu sterk beïnvloed. Freud se idees oor verdringing en die onderbewuste het tot die insig gelei dat wat skrywers van egodokumente — of getuiens waarmee onderhoude gevoer word — weglaat, van ewe groot belang is as wat wel meegedeel word.<sup>52</sup> In *Freud for historians* beskryf Peter Gay mense (dus ook die skepters van egodokumente) as:

---

48.. M. van Faassen, "Het dagboek ...", pp. 5-6.

49. T. Nipperdey, "Can history be objective?" *Historia* 23(1), May 1978, pp. 2-14.

50. J. Rüsen, *Studies in metahistory*. Human Sciences Research Council Series in Methodology 32 (ed. J. Mouton) (Pretoria, 1993), p. 59.

51. Sien in dié verband H. Ohlhoff se opmerkings oor die resepsie- en kommunikasieteorieë in Hoofbenaderings in die literatuurstudie, in T.T. Cloete, E. Botha & C. Malan (reds.), *Gids by die literatuurstudie* (Pretoria, 1989), pp. 50-58.

52. R. Dekker, "Egodocumenten ...", p. 177.

... buffeted by conflicts, ambivalent in their emotions, intent on reducing tensions by defensive stratagems, and for the most part dimly, or perhaps not at all, aware why they feel and act as they do.<sup>53</sup>

Vir Ponsonby was teenstellings, inkonsekwensie en herhalings kenmerkend van 'n dagboek waarin denke, gevoelens en ervarings onpretensieus opgeteken is. Sy bevinding is dat "the personality of the writer will emerge in a realistic photograph" uit so 'n dagboek.<sup>54</sup> Die sosioloog Erwin Goffman bied 'n verklaring waarvolgens dagboeklesers die skynbare teenstrydige en inkonsekwente uitsprake in dagboeke met mekaar kan versoen. Mensse het volgens hom geen monolitiese persoonlikhede nie. In verskillende sosiale omstandighede gedra hulle hulle anders en speel hulle verskillende rolle.<sup>55</sup> In egodokumente wat nie mank gaan aan drastiese "verbeterings" volgens die outeur se agternaperspektief nie, is hierdie rolspel op skrif vasgelê — 'n vonds met opwindende potensiaal vir die navorser.

### Die publikasie van egodokumente

Die publikasie van egodokumente hou besliste voordeel in, maar indien die redakteur of bewerker nie sy/haar werkwyse verantwoord nie, boet die publikasie ontsettend baie aan betroubaarheid en bruikbaarheid in.

Publikasie maak egodokumente vir 'n groter leserspubliek toeganklik. Dit word verwelkom, maar raak problematies wanneer bepaalde tipe uitgawes oorbelig word terwyl ewe insiggewende, ongepubliseerde manuskripte relatief onopgemerk bly.<sup>56</sup> Die dagboekhouers en skrywers wat die sterkste aanspraak maak op publikasie van hulle skeppings, sou ook dié wees wat geskryf het met die intensie om 'n bepaalde beeld van hulleself vir die nageslag daar te stel.<sup>57</sup> By die hantering van 'n gepubliseerde egodokument, moet die ondersoeker dus uiters bedag wees op die skrywer se geneigtheid om sy eie optrede te regverdig of sy eie aandeel in sake buite proporsie te stel.<sup>58</sup>

Nog 'n probleem van uitgewers se ingesteldheid op 'n groot leserstal, is dat daar ter wille van 'leesbaarheid' aan die betroubaarheid van die publikasie-weergawe ingeboet word. Nie alle publikasies word bedoel of is geskik vir wetenskaplike gebruik nie.<sup>59</sup> "Veral wanneer wysigings in die taal en styl van die oorspronklike teks aangebring is, verloor die dagboek sy waarde nie net as dokument vir die historikus nie, maar ook vir taalkundiges."<sup>60</sup> Nog 'n groter uitdaging is dit om dokumente wat in die taal en idioom van vroeëre periodes geskryf is, betroubaar te vertaal. Nogtans behoort vertaling aangemoedig te word. Dit maak egodokumente wat 'n ander mentaliteit en kultuur as die kontemporêre adem, immers

---

53. P. Gay, *Freud for historians*, p. 75, as quoted in J. Tosh, *The pursuit of history ...*, p. 80.

54. A. Ponsonby, *More English Diaries. Further reviews of diaries from the sixteenth to the nineteenth century with an introduction on diary reading* (London, 1927), p. 7.

55. E. Goffman, *The presentation of self in everydaylife*, soos bespreek in R. Dekker, "Egodocumenten ...", pp. 181-182. Die publikasie van Goffman se werk in 1959 het die begrip 'sosiale rol' gewild gemaak.

56. M. van Faassen, "Het dagboek ...", p. 9.

57. M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", p. 113.

58. M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", p. 114.

59. M. van Faassen, "Het dagboek ...", p. 11.

60. M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", p. 114.

toeganklik vir lesers wat andersins nie eens daarvan sou kennis neem nie.

Die betroubaarheid van 'n gepubliseerde dagboek hang grootliks af van die verantwoording van die redakteur of bewerker. Dit is in hierdie persoon se mag om toevoegings tot die teks te maak of sekere dele daaruit weg te laat. Die besluit om teksdele weg te laat, sal meestal berus op inhoudelike seleksiekriteria of op 'n arbitrêre beslissing van die bewerker. Die betroubare bewerker sal die keuses wat hy/sy gemaak het om die teks te wysig, op so 'n manier in die publikasie aandui dat die konsensieuse leser dit aan die hand van die oorspronklike manuskrip kán gaan kontroleer.<sup>61</sup> Indien die redakteur hierin versuim het, is die publikasie volgens Van Heyningen steeds nie nutteloos nie. Die veranderinge mag iets onthul oor die historiese konteks waarbinne die werk gepubliseer is.<sup>62</sup> Binne die konteks van hierdie bespreking, waar norme vir betroubare redigering ondersoek word, is hierdie "nut" van gepubliseerde egodokumente 'n baie onbevredigende "troosprys". Die voorbereiding van 'n dagboek of herinneringskrif vir publikasie is veeleisende, duur en tydrowende arbeid. Energie behoort en hóéf nie verspil te word om dit op 'n misleidende of onverantwoordbare wyse aan te pak nie.

Die huidige generasie bewerkers sal die betroubaarheid, "duursaamheid" en reikwydte van hulle uitgawes waarskynlik ten beste beveilig deur in gedagte te hou dat hulle nie kan voorspel watter vrae ander historici later aan die betrokke bronne sal stel nie. Aan die ander kant het die redakteurs die verantwoordelikheid om die egodokument vir die lesers van hulle eie generasie te kontekstualiseer.<sup>63</sup> 'n Suksesvolle redakteur is een met gespesialiseerde kennis oor die betrokke temas en tydperk, wat die oorspronklike manuskrip krities kan beoordeel en met insig kan interpreteer. Hierdie aktiwiteit behoort in die vorm van annotasie, onderskeibaar van die getranskribeerde manuskrip, in die publikasie tereg te kom. So sal 'n volgende navorser wat die dokument met 'n nuwe invalshoek wil benader, ook van die publikasiewegawe gebruik kan maak. John Comaroff<sup>64</sup> se verantwoording van die wyse waarop hy Sol Plaatje se dagboek geredigeer het, is 'n navolgenswaardige voorbeeld:

In order to contextualize the entries, a prologue, an epilogue, editorial notes and detailed annotations have been added. This has been undertaken with the understanding that, for the historian, the diary should be considered as a source of 'raw' data rather than a definitive text.<sup>65</sup>

Dit is ook die werkwyse wat die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gevolg het met hulle Bronnepublikasie-reeks oor die Anglo-Boereoorlog wat gedurende die jare sewentig en tagtig die lig gesien het. In die inleidings is telkens biografiese inligting oor die outeur verskaf.<sup>66</sup> Die gebeure waaroor hy/sy geskryf het, is gewoonlik ook in breër historiese perspektief gestel.<sup>67</sup> Die fisiese toestand van die oorspronklike geskrif is telkens uitvoerig omskryf. In die geval waar meerdere manuskripte beskikbaar was, is gemotiveer waarom

---

61. M. van Faassen, "Het dagboek ...", pp. 11-13.

62. E. van Heyningen, "The diary as historical source ...", p. 25.

63. M. van Faassen, "Het dagboek ...", pp. 11 & 13.

64. J. Comaroff is verbonde aan die Universiteit van Chicago.

65. S.T. Plaatje, *The Boer War diary of ...*, p. xxvi.

66. Sien byvoorbeeld A. Stafleu, *Die beleg van Mafeking. Dagboek van ...* (reds. A.P. Smit & L. Maré), RGN Bronnepublikasie X (Pretoria, 1985), pp. 3-9.

67. Sien byvoorbeeld H.E.C. Armstrong, *Camp dairy of ...* (ed. T. van Rensburg), HSRC Source Publication VIII (Pretoria, 1980), pp. 5-52.

op die gebruik van 'n spesifieke een besluit is.<sup>68</sup> Elke redakteur het uitvoerig verslag gedoen oor sy/haar benadering tot teksversorging. Wat die tekste self betref, is wysigings as sodanig aangedui. Die redakteur se kommentaar, kritiek en verhelderende opmerkings is in voetnote aangebring. Die indrukwekkende bibliografieë getuig van grondige primêre navorsing en onderstreep dat die inhoud van egodokumente nie noodwendig selfverklarend is nie.

In die Suid-Afrikaanse historiografie is die Engelse vertaling van Jan van Riebeeck se *Daghregister* wat onder redaksie van H.B. Thom geannoteer is, 'n uitstaande voorbeeld van 'n egodokument waarvan die publikasie deeglik verantwoord is.<sup>69</sup> Wyle professor Thom, wat Geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch doseer het, het drie jaar verlof geneem om sy aandag voltyds aan die projek te kon wy. Die drie volumes het onderskeidelik in 1952, 1954 en 1958 die lig gesien. 'n Vyftal vertalers en bykomende kundiges op die terrein van die filologie het aan die projek meegewerk. Thom se eie kundigheid is vir die geskiedkundige aantekeninge aangewend. Anders as vorige vertalers van die *Daghregister*, was hy as redakteur uiters daarop gesteld dat skynbaar onbenullige inligting soos vertellings oor die weersgesteldheid nie weggelaat moes word nie.<sup>70</sup> Die manuskripte wat in Kaapstad en Den Haag bewaar word, is sonder aarseling vergelyk om onduidelikhede op te klaar. Die redakteur het die projek gekoördineer met 'n voortdurende bewustheid dat sewentiende-eeuse Nederlands nie woordeliks in moderne Engels omgesit kan word nie en dat sommige frases in die oorspronklike teks ruimte laat vir verskillende interpretasies wat in die vertaling aangedui moes word. Die vertalers is daarvan weerhou om 'n bewuste literêre styl, wat vreemd aan die oorspronklike dokument sou wees, in die vertaling in te werk. Uiteindelik erken die redakteur dat sommige tipe probleme selfs nie deur die mees konsensieuse vertaler uitgeskakel kon word nie. Die emotiewe waarde van die ou Nederlandse uitdrukkings kon kwalik presies gepeil word. Voetnote moes die egodokument ook nie oorweldig nie, maar oordeelkundig daaraan toegevoeg word.<sup>71</sup> 'n Vertaling wat te vermoeiend vir die gebruiker is om te lees, is immers nie die moeite werd om gepubliseer te word nie. Thom se gepubliseerde vertaling oorbrug die kloof tussen "wetenskaplikheid" en leesbaarheid met fyn balans.

### Toepassingsmoontlikhede vir historici

Sommige redakteurs gee riglyne hoe die egodokumente wat hulle vir publikasie voorberei het, toegepas kan word. Vir Oberholster het Jan Celliers se oorlogsdagboek historiese, literêre en kultuurhistoriese betekenis gehad.<sup>72</sup> T.H. le Roux het sy publikasie van Louis Trigardt

- 
68. Sien byvoorbeeld J.F.E. Celliers, *Oorlogsdagboek van ... 1899-1902* (red. A.G. Oberholster), RGN Bronnepublikasie VII (Pretoria, 1978), pp. 7-12.
69. J. van Riebeeck, *Journal of ... I-III* (ed. H.B. Thom). Die Nederlandse uitgawe is gelyktydig met die Engelse vertaling gepubliseer: *Daghregister gehouden by den oppercoopman Jan Anthonisz van Riebeeck I-III* (inleiding, teksversorging en taalkundige aantekeninge D.B. Bosman, geskiedkundige aantekeninge H.B. Thom). Die Van Riebeeck-vereniging was verantwoordelik vir beide uitgawes, Kaapstad, 1952-1958.
70. J. van Riebeeck, *Journal of ... I* (ed. H.B. Thom), p. xxxiv.
71. J. van Riebeeck, *Journal of ... I* (ed. H.B. Thom), pp. xl-xliii.
72. J.F.E. Celliers, *Oorlogsdagboek van ... 1899-1902* (red. A.G. Oberholster), RGN Bronnepublikasie VII (Pretoria, 1978), pp. 12-13.

se dagboek ingelei met 'n bespreking van die dokument se kultuurhistoriese en taalkundige gebruikswaarde.<sup>73</sup>

Hugo het in haar algemene besinning oor die nut van die dagboek as bron drie terreine onderskei waar die dagboek by uitstek gebruiksmoontlikhede toon. Dit is veral vir haar die bron vir die biograaf. Sy vind dit ook in 'n mate bruikbaar vir die kultuurgeskiedskrywer en die beoefenaar van sosiale geskiedenis.<sup>74</sup> Dekker dui aan hoe die egodokument reeds met groot sukses aangewend is in die skryf van die mentaliteitsgeskiedenis van aspekte soos die seksuele lewe, opvoeding en bygehoof.<sup>75</sup>

Comaroff het in Plaatje se dagboek personasies ontmoet wat hy in geen ander rekords kon opspoor nie. Die nut van die egodokument lê vir hom in die nuwe perspektief waarbinne dit 'n bekende situasie kan plaas.<sup>76</sup> Van Rensburg het die konsentrasiekampdagboek van Henrietta Armstrong beskryf as van die weinige outentieke bewysmateriaal oor dié aspek van die Anglo-Boereoorlog. As hoof van die Boere-verpleegsterkorps was Armstrong in 'n posisie om akkuraat waar te neem.<sup>77</sup> Die dagboek van 'n man wat aan beide kante in dié oorlog geveg het en nuttig kan wees in 'n ondersoek na die verskynsel *verraad*, is deur J.P. Brits 'n rariteit genoem.<sup>78</sup> Dit bevestig dat, naas die veralgemenings oor die nut van egodokumente, elke afsonderlike dokument 'n eie reeks gebruiksmoontlikhede open.

Ten slotte blyk dit dat egodokumente as kategorie bronne nie geringgeskat hoef te word nie, maar ook nie noodwendig spesiale behandeling verg nie. Die veldtog om hierdie skynbaar meer subjektiewe dokumente van miskenning te red en 'n regmatige plek naas die skynbaar meer betroubare tipe historiese bronne te besorg, mag wel daartoe bydra dat navorsers opnuut tot die gewaarwording kom dat 'n skeppende "ek" agter elke teks veronderstel behoort te word. Die implikasies van die egodokument-debat lê uiteindelik minder op die terrein van die kategorisering van bronne as wat dit 'n herbesinning oor die aard van bronne in die algemene afdwing. Watter afleiding ook al uit 'n teks getap word, dit behoort steeds aangewend te word met 'n sensitiwiteit vir die konteks waarbinne die teks aanvanklik geskep is. Soos Van Faassen dit stel, daar moet steeds gevra word of 'n dokument, of 'n getuenis, inderdaad is wat dit sigself voordoende om te wees.

---

73. L. Trigardt, *Die dagboek van ...* (red. T.H. le Roux) (Pretoria, 1964), pp. xxiii-xxxiii.

74. M. Hugo, "Die dagboek as historiese bron ...", p. 112.

75. R. Dekker, "Egodocumenten ...", p. 173.

76. S.T. Plaatje, *The Boer War diary of ...*, p. xxv.

77. H.E.C. Armstrong, *Camp diary of ...* (ed. T. van Rensburg), HSRC Source Publication VIII (Pretoria, 1980), p. 1.

78. P.J. Du Toit, *The diary of a National Scout ... 1900-1902* (ed. J.P. Brits), HSRC Source Publication II (Pretoria, 1974), Preface & p. 1.